**Donderdag 24 Augustus**
**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 3:6-13**
**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisende 3:6-13**
**Werk is ’n gawe van God, werk dan tot eer van die Here tot met Jesus Christus se wederkoms**

As ons oor ons daaglikse werk nadink, is dit deur die Bybel duidelik dat daar ’n baie hoë waarde aan ons daaglikse werk gegee word. Dit is deel van ons dankbaarheid om te kan werk, selfs al het die sondeval ook moeite en verdriet meegebring.

Paulus as apostel van die Here skryf sy briewe aan die gemeente in Tessalonika, en hy lê veral klem op die verkeerde siening oor die wederkoms van Jesus Christus wat daar in die gemeente ontstaan het. Sommige van hierdie gemeentelede het die Here Jesus dadelik verwag, en so het hulle dan gedink dat dit nie meer nodig was om te werk nie. Dit gaan dus in dié gedeelte oor lidmate wat doelbewus besluit het om nie te werk nie.

Teen dié agtergrond gee Paulus dan baie skerp teregwysings aan die lidmate wat so geleef het. Hy verwys na mense wat opsetlik leeglê. Daarom sê Paulus dat dié wat wel werk, hulle van dié wat leeglê, moet ontrek (vs 6). Dié wat leeglê, het hulle ook voortdurend met ander mense se sake bemoei. Hulle het gebedel vir hulle daaglikse kos en so van hulleself ’n oorlas gemaak (vs 11). Paulus neem baie sterk standpunt in dat dié wat dan doelbewus nie wil werk nie, ook nie moet eet nie (vs 10).

As gelowiges wag ons elke dag vir die wederkoms van Jesus Christus, maar werk ons steeds elke dag met ywer, vreugde en dankbaarheid tot eer van die Here. “Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van ons arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kan word” (2 Kor. 8:9). Deur ons daaglikse werk seën die Here ons sodat ons ook mag omsien na dié wat sonder dat hulle so kies, arm is.

*Sing: Psalm 90-1:9*
*Ds. AF Berg (Fenmo) (Pongola)*